

# Soek jy 'n fantastiese tutor?

[www.teachme2.com/matriek](http://www.teachme2.com/matriek)



Vertroulik



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**MEI/JUNIE 2024**

**GAUTENG**

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWES op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Kortverhale (40)

AFDELING B: Drama (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

**AFDELING A: KORTVERHALE**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 90 minute

**OF**

AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

<b>AFDELING A: KORTVERHALE</b>		
<b>Beantwoord AL TWEE kortverhale.</b>		
<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>PUNTE</b>	<b>BLADSYNOMMER</b>
1. " 'n Man kom tuis"	20	4
<b>EN</b>		
"My broer se kraai"	20	6
<b>OF</b>		
<b>AFDELING B: DRAMA</b>		
<b>Beantwoord slegs die EEN vraag.</b>		
2. <i>Perdekrag</i>	40	9

**AFDELING A: KORTVERHALE****VRAAG 1: KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard  
EN

VERHAAL B: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard

**VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

"Dit vat 'n rivier eeue om vir homself 'n lekker pad te maak. Dit vat my 'n maand."

En die ander ding, sê hy, wat so lekker is van pad maak: jy maak dit vir jou medemens. "Jy dien," sê hy. Jy dien jou naaste soos die Bybel sê ons moet. Jy maak dit makliker vir ander mense om by mekaar uit te kom. Kyk nou hierdie pad wat ons vandag ry. Ek het hom help maak. Vandag vat hy my na my vrou en kinders toe. 5 En dis mos wat die Bybel sê – werp jou brood op die water en na baie dae ..."

Die nomadiese kampele bodder hom ook nie.

- 1.1 Waar was Gouws besig om 'n pad te maak? (1)
- 1.2 Waarom is dit moeilik om paaie te maak? Noem EEN rede. (1)
- 1.3 Wie was Gouws se tweede vrou? (1)
- 1.4 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

personifikasie;	'n vergelyking;	'n metafoor
-----------------	-----------------	-------------

"Jy dien jou naaste soos die Bybel **sê** ons moet" in reël 3 is 'n voorbeeld van ... (1)

- 1.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.5) en die letter (A–D) neer.

"Die nomadiese kampele bodder hom ook nie." (Reël 7)

Dit sê vir ons dat Gouws ...

- A baie keer tydens vakansies gaan kamp het.
- B nie daarvan gehou het om in 'n tent te slaap nie.
- C eerder buite die tent geslaap het wanneer hy kamp.
- D nie omgee het om van plek tot plek vir sy werk te trek nie. (1)

1.6 Gouws het die hele tyd met die verteller gepraat.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.6.1	Die verteller	A	... het die ander kans gegee om eerste te groet.
1.6.2	Gouws	B	... het daarvan gehou om somme te leer.
1.6.3	Petrus	C	... het besef dat dit verkeerd is om mense te oordeel.
1.6.4	Gouws se vrou	D	... het nie daarvan gehou om hard te werk nie.
		E	... het die goeie dinge in die lewe raakgesien.

(4 x 1)

(4)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.7.1 en 1.7.2) en die antwoord neer.

Die verteller kon sien dat Gouws (1.7.1) (hartseer/opgewonde) geraak het toe hulle nader aan die dorp gekom het. Die verteller was (1.7.2) (verbaas/kwaad) omdat Gouws nie by die huis afgelaai wou word nie.

(2)

1.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Gouws het huis toe gestap.
- Gouws het sy bagasie uitgelaai.
- Almal het gehelp om Gouws se bagasie huis toe te dra.
- Die hond, die vrou en die kinders het na Gouws toe gehardloop.

(4)

1.9 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Gouws het vir sy vrou 'n nuwe paar kouse saamgebring.

(1)

1.10 Die verteller het nie gewoonlik mense langs die pad opgelaai nie.

1.10.1 Waarom kan ons sê dat die verteller iets goeds gedoen het toe hy Gouws langs die pad opgelaai het?

(1)

1.10.2 Waarom was dit verkeerd van die verteller om te dink dat Gouws dalk nie die waarheid oor sy tuiskoms gepraat het nie?

(1)

- 1.11 Waarom het die verteller aan die einde van die verhaal verstaan dat Gouws se tuiskoms belangrik vir die hele gesin was? (1)
- 1.12 Waarom pas die titel, " 'n Man kom tuis", so goed by die verhaal? (1)

**EN****VERHAAL B: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

My broer het die kraai in 'n kartondoos gesit en met oorskiethout en stukkies draad vir hom 'n hok gemaak. Die middag was die kraai in sy hok. Maar dit het drie dae se geduld gekos om hom iets te laat eet. Hy was bang vir ons en hy het nie van die hok gehou nie.

Ná 'n week het hy in die hok begin rondstap en kort-kort sy vlerke gelig. Ná twee weke was die kraai gesond en kwaai as ooit. Hy het op en af gestap en die draad gepik, gepik, al geniepsiger, en met sy vlerke teen die draad geklap dat die vere so waai. 5

My broer se kraai was die duiwel in.

- 1.13 Wanneer het die broer die kraai opgetel? (1)
- 1.14 Wat het vir die mense gewys dat die kraai nog baie jonk was? Noem TWEE dinge. (2)
- 1.15 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.15.1 tot 1.15.4) en die antwoord neer.
- 1.15.1 Die broer het die kraai in die veld opgetel, want sy ... het in die storm seergekry.
- 1.15.2 Die broer het ... dae lank gesukkel om die kraai iets te laat eet.
- 1.15.3 Die kraai was net rustig wanneer hy ... gekry het om te eet.
- 1.15.4 Wanneer die kraai seerplekke gehad het, het die broer ... of iets aangesmeer. (4)
- 1.16 Die kraai het "... met sy vlerke teen die draad geklap dat die vere so waai." (Reël 7 en 8)
- Hoe het die gesin gevoel toe hulle sien wat die kraai doen? (1)

- 1.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.17) en die letter (A–D) neer.

"My broer se kraai was **die duiwel in**." (Reël 9)

Dit beteken dat die kraai baie ... was.

- A siek
- B kwaad
- C hartseer
- D moedeloos

(1)

- 1.18 Hierdie verhaal gaan oor die broer en die kraai wat hy opgetel het.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.18.1	Dit het die broer gepla dat die kraai homself beseer het.	A	Die kraai het vir altyd by die broer gebly.
1.18.2	Die broer het met die verteller oor die kraai gaan praat.	B	Die broer het die kraai weer versorg.
1.18.3	Na drie dae het die kraai teruggekom huis toe.	C	Die broer het gewonder of hy die kraai langer in die hok moes hou.
1.18.4	Die broer het nooit weer die hok se hekkie toegemaak nie.	D	Die kraai het Simon stukkend gebyt.
		E	Die broer het besluit om die kraai te laat gaan.

(4 x 1)

(4)

- 1.19 Die kraai het op 'n Sondag weer teruggegaan hok toe.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is.

(1)

- 1.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.20.1 en 1.20.2) en die antwoord neer.

Aan die begin van die verhaal was die kraai in die hok, want die (1.20.1) (kraai wou daar wees/broer het besluit die kraai moes daar wees). Aan die einde van die verhaal het die kraai teruggekom, want die kraai (1.20.2) (was honger/wou by die broer wees).

(2)

- 1.21 Waarom was dit reg van die verteller om die broer kans te gee om self oor die kraai te besluit?

(1)



- 1.22      Waarom kan ons sê dat dit goed was dat die broer die kraai vrygelaat het?      (1)
- 1.23      Watter les oor omgee vir diere leer jy uit hierdie verhaal?      (1)
- 1.24      Hoe help die skrywer jou om te verstaan dat die kraai glad nie in die hok wou wees nie?      (1)

**TOTAAL AFDELING A:      40**

**AFDELING B: DRAMA****VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

WILMA:	(Sarkasties.) Jy's arm, siestog. So jy mag maar diere mishandel.	
LUCKY:	Jy was nie daar nie. Jy weet niks nie.	
WILMA:	Wat jy gedoen het, was afskuwelik. Jy was wreed, jy was krimineel en jy is gevonniss.	
LUCKY:	(Skree gefrustreerd.) So, nou plant julle my hier by Oom Olifant en my little ponies. Waarvoor hoop julle – julle bleddie bleeding hearts? As ek net eers sien hoe oulik hierdie goed hoppity-hoppity met ryk brats op, dan gaan ek sommer skielik diere LOVE.	5
WILMA:	Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie –	
LUCKY:	– en nou dink julle as ek hier rondhang, gaan ek "insig kry in my probleem"? Fat bleddie chance!	10
WILMA:	Die idee is vir jou om te leer. Hierdie perde kan jy nie boelie nie. Hulle sien dwarsdeur jou.	
LUCKY:	(Desperaat.) Wat de hel wil jy hê moet ek doen?	

2.1 "So jy mag maar diere mishandel." (Reël 1)

2.1.1 Hoe het Lucky diere mishandel? (1)

2.1.2 Waar het hy dit gedoen? (1)

2.2 Noem EEN van die ander perde wat saam met Kaizer op Wilma se plaas is. (1)

2.3 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.3) en die antwoord neer.

'n vergelyking;	klanknabootsing;	'n metafoor
-----------------	------------------	-------------

"Waarvoor hoop julle – julle bleddie **bleeding hearts**?" in reël 6 is 'n voorbeeld van ... (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die letter (A–D) neer.

In reël 11 sê Lucky vir Wilma: "Fat bleddie chance!"

Met hierdie woorde bedoel Lucky dat ...

- A die ryk brats vir Wilma probleme gaan gee.
- B Wilma nie kans gaan kry om hom te leer perdry nie.
- C hy nie gaan kans kry om met die ponies te werk nie.
- D sy tyd op die plaas hom nie met sy probleme gaan help nie. (1)

- 2.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky en sy ma is arm, want mevrou Mhlope kry min geld vir haar werk as onderwyser.

(1)

- 2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 en 2.6.2) en die antwoord neer.

In reël 5 skree Lucky vir Wilma, want hy is (2.6.1) (ontevrede/opgewonde) om sy gemeenskapsdiens op die plaas te doen. In reël 14 vra Lucky vir Wilma wat sy wil hê hy moet doen, want hy is 'n kind wat (2.6.2) (hulp/werk) nodig het.

(2)

- 2.7 Die verskillende karakters in die drama het almal hulle eie probleme gehad.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.7.1	Binki	A	... se swaarkry het Lucky so kwaad gemaak, dat hy baie verkeerd opgetree het.
2.7.2	Sabrina	B	... het skuldig gevoel omdat Grace geskiet moes word oor iets wat sy verkeerd gedoen het.
2.7.3	Mevrou Mhlope	C	... was so besig dat sy nie tyd vir die belangrikste mens in haar lewe gehad het nie.
2.7.4	Wilma	D	... het gesukkel om plek te kry waar Lucky sy gemeenskapsdiens kon doen.
		E	... se persoonlike probleme het haar bang gemaak vir ander mense.

(4 x 1)

(4)

- 2.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Binki het vir Lucky 'n foto van Dukie op haar foon gewys.
- Binki het vir Lucky vertel van Dukie wat in die brand dood is.
- Wilma het vir mevrou Bekker vertel dat Lucky hard gewerk het.
- Lucky het Sabrina se naam op Binki se foon na Ma verander.

(4)

- 2.9 Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky gefrustreerd was? (1)
- 2.10 Waarom was dit reg van Wilma om kwaai met Lucky te praat? (1)
- 2.11 Waarom kan jy respek hê vir die magistraat wat Lucky gevonnissen het? (1)
- 2.12 Waarom laat die dramaturg (skrywer van die drama) vir Lucky soveel Engelse woorde gebruik? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS D

BINKI:	<i>(Lag, maar probeer haar foon by hom gryp.) Nee, man, gee my foon! (Hulle stoei speels om besit van die foon. Lucky bly voor Binki wegdans. Binki gryp in die lug rond. Die spel word al wilder totdat Binki haar foon by Lucky gryp en Lucky haar speels aan die arm beetkry. In haar haas om weg te kom, skeur die een mou van haar bloes heeltemal los. Sy struikel geskok eenkant toe en probeer haar kaal arm met die ander een toehou.)</i>	5
LUCKY:	Hel, ek is jammer. Ek wou nie jou klere skeur nie. <i>(Hy druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas. Hy kyk geskok na die growwe littekens op haar arm.)</i>	
	Wat's daai? Hei? Wat het met jou gebeur?	10
	<i>(Binki vlug Kaizer se stal blindelings binne.)</i>	
	Ag nee, moenie huil nie. Ek het jou mos nie seergemaak nie.	

- 2.13 Waarom wou Lucky Binki se foon vat? Noem TWEE redes. (2)
- 2.14 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) en die antwoord neer.
- 2.14.1 Net voordat Lucky en Binki hier oor haar foon gestry het, was Lucky by Kaizer. Hy wou Kaizer met 'n ... slaan.
- 2.14.2 Kaizer het Lucky gestamp en hy het op die grond ...
- 2.14.3 Lucky het vir Kaizer van die ... vertel.
- 2.14.4 Kaizer het sy voorpoot vir Lucky gelig en sy ... teen Lucky se skouer gedruk. (4)
- 2.15 Wat het Lucky vir Kaizer gegee? (1)
- 2.16 Hoe het Wilma gevoel toe Lucky vir haar sê wat hy vir Kaizer gegee het? (1)
- 2.17 Binki het 'n bloes met lang moue gedra omdat sy koud gekry het.
- Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

- 2.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.18.1 en 2.18.2) en die korrekte antwoord neer.

Binki het vir Lucky gevra om haar foon terug te gee, maar hy het aangehou om haar (2.18.1) (bang te maak/te terg). Aan die einde van die drama sien ons dat dit 'n (2.18.2) (positiewe/negatiewe) verandering in Binki se lewe gebring het.

(2)

- 2.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.19) en die letter (A–D) neer.

"Binki vlug Kaizer se stal **blindelings** binne." (Reël 11)

Dit beteken dat Binki ...

- A by die verkeerde stal ingegaan het.
- B eintlik na Tinkerbelle se stal gesoek het.
- C nie langer saam met Lucky wou wees nie.
- D deur die trane nie gesien het sy gaan by Kaizer se stal in nie.

(1)

- 2.20 Die twee kinders het albei op 'n goeie manier verander terwyl hulle op Wilma se plaas was.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.20.1 tot 2.20.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.20.1	Lucky het Binki oor baie dinge geterg.	A	Binki het hard gewerk om matriek te slaag.
2.20.2	Na die eerste Saterdag op die plaas het Lucky baie gedink oor alles wat daar gebeur het.	B	Lucky het besef dat hy ander mense seermaak as hy praat sonder om te dink.
2.20.3	Lucky het Wilma 'n "ou dronkie" genoem.	C	Binki het besluit dat sy nie meer haar letsels gaan wegsteek nie.
2.20.4	Lucky het per ongeluk Binki se bloes se mou losgeskeur.	D	Lucky wou by Wilma weet waarom Wilma "soort van community service" gedoen het.
		E	Wilma het vir Lucky gesê om mooi met Binki te werk.

(4 x 1)

(4)

- 2.21 Lucky "*druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas.*"  
(Reël 7 en 8)
- Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky die mou weer teen Binki se arm probeer "aanlas" het? (1)
- 2.22 Die magistraat het gedink Lucky moes 'n kans kry om met diere te werk.
- Waarom kan ons sê dat die magistraat reg was? (1)
- 2.23 Mense wat hartseer is of probleme het, voel beter nadat hulle daaroor gepraat het.
- 2.23.1 Watter les het jy hieroor geleer uit Lucky se gesprek met Kaizer? (1)
- 2.23.2 Watter les het jy hieroor geleer toe Binki met Lucky oor haar ma gepraat het? (1)
- TOTAAL AFDELING B: 40**  
**GROOTTOTAAL: 40**